Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaap Onderwysdepartement
**Moya Combrink**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Moya.Combrink@westerncape.gov.za | 021 467 2626

Lêerno.: 20/3/6/1/Kennisgewing van rooster aan skole
Verwysing: 20220720-4382

Omsendbrief: 0025/2022
Vervaldatum: 09 Desember 2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Gewysigde finale rooster vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in November 2022.*

**Onderwerp: Gewysigde finale rooster vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in November 2022**

1. 'n Afskrif van die **gewysigde** finale rooster (**Bylae A**) vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) eksamen in November 2022 is ingesluit.

2. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het kennis geneem van kommer rakende die skedulering van die eksamen vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal Huistaal en Mariene Wetenskappe in Oktober/November 2022.

3. Die DBO het die inskrywings van kandidate geverifieer wat Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Mariene Wetenskappe neem. Slegs wysigings rakende hierdie twee vakke is by hierdie rooster aangebring.

4. Die eksamendatums vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal Huistaal is nou soos volg geskeduleer:

| Datum | Tyd | Vak/vraestel |
|---|---|---|
| 10 November 2022 | 09:00 | Suid-Afrikaanse Gebaretaal Huistaal Vraestel 1 |
| 29 November 2022 | 09:00 | Suid-Afrikaanse Gebaretaal Huistaal Vraestel 3 |
| 05 Desember 2022 | 09:00 | Suid-Afrikaanse Gebaretaal Huistaal Vraestel 2 |

5. Die eksamendatums vir Mariene Wetenskappe is nou soos volg geskeduleer:

| Datum | Tyd | Vak/vraestel |
|---|---|---|
| 23 November 2022 | 14:00 | Mariene Wetenskappe Vraestel 1 |
| 29 November 2022 | 14:00 | Mariene Wetenskappe Vraestel 2 |

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate wat van plan is om die NSS-eksamen in November 2022 af te lê.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2022-07-25